Kovsies opgewonde oor Sigh Melaletsa

Leon Marais

Daar heers groot opwinding in die Studentekerk Bloemfontein oor die beroeping van proponent Sigh Melaletsa (foto regs) as nuwe leraar in die gemeente se multi-kulturele bediening.

Hierdie pos word moontlik gemaak in samewerking met die Sinodale Getuieniskommissie van die NG Kerk van die Vrystaat.

Die oogmerk met die pos is die uitbouing en vestiging van 'n multi-kulturele bediening by die Universiteit van die Vrystaat en die Sentrale Universiteit vir Tegnologie.

Sigh is etlike jare reeds betrokke by die Sotho-bediening in Studentekerk. Sy aanstelling as leraar is 'n logiese volgende stap in ons gemeente se begeerte om 'n kerk te wees vir al die studente op ons multi-kulturele kampusse. Sigh is 'n sleutelpersoon in die gemeente wat 'n krities-belangrike rol as brugbouer tussen die verskillende kulturele groepe in die kerk en op kampus speel.

Wie is Sigh Melaletsa?

Sigh is op 10 Februarie 1970 in Mafikeng gebore. Sy Tswana-naam, Mokgweetsi, beteken die drywer of bestuurder na aanleiding daarvan dat sy ouers net betyds van 'n reis af teruggekeer het met sy geboorte – hy het hulle huis toe gedryf!

Reeds van jongs af het hy die roeping om predikant te word ervaar, maar altyd gedink: "Dit is nie vir my nie." Hy was egter maar deurentyd betrokke in verskeie kerklike jeugaksies, selfs tot op sinodale vlak. Toe hy uiteindelik in 1990 tóg besluit om teologie te gaan studeer, het sy ouers hom ten sterkste afgeraai.

Hy het uiteindelik onder die druk ingegee en het ingeskryf by die Kathu Technical College.

In Kathu het hy eerstehands die gevolge van apartheid beleef. Hy het al meer die dringende behoefte ervaar om maniere te soek waarop swart en wit nader aan mekaar kon kom.

Ná voltooiing van sy studies in Kathu, het Sigh by verskeie maatskappye gewerk, maar uiteindelik in 2000 besluit dat sy lewensroeping is om predikant te word. Met die ondersteuning van twee leraars, dominees Venter en Moncho, het hy met sy studies aan die Universiteit van die Vrystaat begin.

Sigh is reeds nege jaar lank getroud met Patricia. Hulle het 'n pragtige en woelige dogtertjie van vyf, Kabo – die liefling van al die studente in die kerk. Kabo is ook die enigste dooplidmaat in baie jare in die studentegemeente!

Sigh se gemeentebetrokkenheid

Kort ná die aanvang van sy studies, het Sigh begin inskakel by die studentegemeente. In 2002 is hy versoek om te help met die begin van 'n Sotho-uitreik, 'n taak wat hy met groot entoesiasme en baie opoffering aangepak het.

Aksie Omgee het intussen sodanig gegroei dat dit nou 'n voltydse bediening geword het. Só het Sigh 'n onlosmaaklike deel van Studentekerk geword. Met die voltooiing van sy studies was die gevoel onder al die studente dat hy in die gemeente betrokke moes bly, daarom is hy beroep.

Sigh beweeg met groot gemak tussen wit en swart studente en albei groepe aanvaar hom.

Hoe sien hy sy rol as leraar in die Studentekerk?

Wat vir Sigh van groot belang is, is dat die gemeente homself as multikultureel moet sien. Die sentrale fokuspunt is 'n gedeelde Christelike kultuur waar swart en wit saamkom rondom Jesus as Verlosser van almal. Daarom sien hy

Die sentrale fokuspunt is 'n gedeelde Christelike kultuur waar swart en wit saamkom rondom Jesus as Verlosser van almal.

sy roeping ook sterk rondom die byeenbring van die verskillende groepe in die gemeente.

Omdat Sigh reeds 'n lang pad saam met witmense gestap het, kan hy ook swart studente help om die verskille tussen die kulture beter te begryp.

Wat veral wit lidmate soms uit die oog verloor, is dat daar ook onder die swart studente baie groot kulturele verskille is, veral tussen die verskillende taalgroepe. Daarom speel Sigh ook 'n groot rol in die byeenbring van hierdie groepe binne die gemeentebediening.

Die kerk se rol op kampus, spesifiek in die lig van onlangse rasse-onrus?

Die kerk moet deur middel van slypskole en opleiding jong leiers toerus om hulle gesamentlike rol te besef – "ons hoort bymekaar". Daarom moet die kerk jongmense aktiveer om hulle liefde vir mekaar binne die kerk te ontgin en te ontwikkel – om dit daarná na ander studente uit te dra.

Sigh glo ook dat die predikante 'n sigbare rol in die gebeure op kampus behoort te speel. Party mense voel dat die kerk nie in politiek betrokke moet wees nie. Hy reken egter dat 'n leraar juis moet wees waar sy mense is – nie net in solidariteit nie, maar ook as 'n korrektief op onchristelike gedrag.

Jong swartmense en die NG Kerk?

Daar bestaan tog maar nog 'n sterk persepsie dat die NG Kerk net oor witmense begaan is. Dus is baie jong swartes nog suspisieus en het hulle die verwagting dat die kerk net vir Afrikaanse mense is en hulle uitsluit.

Soms beleef hy ook dat die strukture van die kerk uitsluitend kan wees. Dit is nie altyd toeganklik vir diegene op die rand van die kerk nie.

'n Vraag wat baie jongmense het, is of die NG Kerk werklik ernstig is oor kerkeenheid. Daar is baie maal voetangels wat ware eenheid belemmer. Wat kerkleiers op "topvlak" bespreek, word selde 'n realiteit in lidmate se lewe.

Verder het die onverkwiklike stryd tussen die VGK en NGKA groot skade gedoen aan jongmense se vertroue in die kerk. Die kerk word soms beleef as baie voorwaardelik: "Doen/gee eers dit of dat vir my, dan praat ons oor samewerking". Dis hartseer dat die Koninkryk van God baie maal agterweë gelaat word.

Daar bestaan tog maar nog 'n sterk persepsie dat die NG Kerk net oor witmense begaan is. Dus is baie jong swartes nog suspisieus en het hulle die verwagting dat die kerk net vir Afrikaanse mense is en hulle uitsluit.

Hoe kan NG Kerk jongmense se vertroue wen?

Deur te wys dat ons goeie mense is, dat ons hoogste strewe is om God te dien. Dit moet immers die motief agter al die werksaamhede van die kerk wees.

Wat beteken dit prakties?

Eerstens sal die kerk ernstig moet wees oor die saak van kerkeenheid. Die beste wegspringplek hiervoor is om eers saam te gesels oor ons gebrokenheid. Miskien is dit makliker vir jongmense as vir ouer mense, omdat hulle minder "bagasie" met hulle saamdra.

Tweedens sal dit goed wees as die dominees van die verskillende denominasies begin om in mekaar se gemeentes te preek, en só 'n praktiese demonstrasie gee van die kerk se erns en verbintenis tot eenheid.

Derdens moet lidmate erns daarmee maak om mekaar se kulture te leer ken en te respekteer. Om te verstaan dat en hoe ons verskil, sodat ons in ons kennis van mekaar ook saam kan groei.

Wat maak jou opgewonde oor jou nuwe pos?

Dit bied vir Sigh die geleentheid om te kan "practise what he preaches"! Om die dinge wat nou net genoem is, self toe te pas en uit te voer.

Sigh is veral baie opgewonde oor die geleentheid om koördinerend te kan saamwerk om die verskillende groepe in die gemeente bymekaar te bring. Dit begin reeds gebeur as hy sien hoe dat jongmense uit baie verskillende denominasies betrokke begin raak by die gemeente – 'n klein stukkie kerkeenheid op voetsoolvlak. So kan die gemeente 'n wonderlike getuienis wees van die kerk as die liggaam van Jesus in 'n verskeurde samelewing.

Vir ons as gemeente is dit werklik 'n wonderlike voorreg om hierdie besonderse pad met Sigh te stap. Ons sien met opwinding uit na die tyd wat vir ons saam voorlê. Ons het die verwagting dat die werk nog sommer baie mooi dinge tot gevolg gaan hê, nie net vir ons as gemeente en kampus nie, maar ook vir die NG Kerk as geheel.

● *Leon Marais is tans een van die studenteleraars by Kovsie-Kampus nadat hy vroeër sewe jaar lank predikant op Steynsburg was.*